


ALMAL SE BOEKE

No.

21.



DIE GETATOEËERDE „K”

Deur

J. G. ENGELA

Die Getatoeëerde „K”

EN ANDER SKETSE

DEUR

J. G. ENGELA

Skrywer van „Gesellige Halfuurtjies,” „Gesels,”
„Afrikaanse Verhale” en „Terugblik.”



NASIONALE PERS, BEPERK,
Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein.

1929.

VOORWOORD.

GEAGTE LESER,

Aangemoedig deur vriende en belangstellers, neem ek andermaal die vryheid om u hiermee 'n werkjie van my aan te bied, nieteenstaande die hewige kritiek teen my en ander Afrikaanse skrywers deur dr. Schoonees in sy proefskrif *Die Prosa van die Tweede Beweging* geslinger.

Kritiek is altoos welkom, nieteenstaande dit gratis aangebied word—en dan nog in so 'n ruime maat op die koop toe!

Ek beskou kritiek as 'n leermeester—dit wil sê as dit dié naam verdien. Sommige is van oordeel dat kritiek jou in die lig stel hoe ander jou beskou; maar nou bestaan daar sulke „brille” soos Swartgallige, Partydige, Doellose en Afgunstige, maar gelukkig ook Onpartydige; en alles hang af van die bril waarmee die krietikus hom bedien wanneer hy jou onder hande neem.

Die kritiek uitgeoefen deur 'n persoon wat die kuns verstaan om te kritiseer, word altoos gekenmerk deur 'n opbouende en nie afbrekende of beledigende strekking nie. En dit is waar dr. Schoonees die bal misgeslaan en

ook sy vrees uitgespreek het dat hy as afbreker mag bestempel word, in sy Voorberig van die hierbo aangehaalde werk.

Opbouend of afbrekend.—'n Seun het eenkeer op hulle spensrak 'n pasgebakte rosyntjiebrood ontdek en dadelik 'n stuk daarvan afgesny, maar hy het met teleurstelling die mes weggesmyt en om sy honde begin te fluit. „Wat beteken dan daardie gefluit, Jannie?” verneem sy moeder. „Ek fluit om die honde, Ma,” was sy antwoord. „En wat moet hulle dan nogal kom doen?” vra sy om verder inligting. „Die rosyntjies in hierdie brood kom opspoor, Ma,” was sy uitleg.

As ons nou dr. Schoonees se werk met so 'n rosyntjiebrood mag vergelyk en die rosyntjies in die brood as opbouwende kritiek voorstel en die brood wat die rosyntjies insluit, weer as sy boek, en ons sal daartoe oorgaan om „rosyntjies” daarin op te spoor, kan ons ook maar om die honde fluit.

Belediging.—Wat belediging betref, sal dit te veel ruimte in beslag neem, en dit kon ook diens doen vir die samestelling van 'n boekdeel, dog dit sal maar net die reeds in onkunde veroorsaakte wrywing doen herlewe.

Toe die Afrikaanse taal nog 'n veragtelike en bespotlike was, het baanbrekers soos ds. Du Toit, professor Cachet, G. R. von Wieligh, Melt Brink en baie ander, later byge-

staan deur advokate De Waal en Langenhoven en 'n menigte ander medewerkers, grotendeels daartoe bygedra dat Afrikaans vandag as offisiële taal erken word en voldoende materiaal lewer vir die samestelling van Bloemlesings en Prosabundels.

Om 'n beskrywing te gee van 'n stad wat jy nog nooit besoek het nie, is net so onverstandig as om 'n oordeel te vel oor 'n werk wat jyself nog nie gewaag het om aan te pak nie.

Hoogagtend,

DIE SKRYWER.

Die Vlakte,
P.K. Kingswoodstasie,
3 Januarie 1928.

INHOUD.

	<i>Bls.</i>
Die Getatoeëerde „K”	I
'n Voorspelling	103
Skoppe Vyf	131
Oom Kootjie koop 'n Ford	137
Spoke	153
Die Mislukte Plan	158